
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

BEKERING

As ons die Evangelie van Markus lees (Mark 1:15) vind ons dat van die eerste woorde wat Jesus gesê het toe Hy begin het met Sy openbaring bediening, m.a.w. van die eerste woorde van die Evangelie (Evangelie beteken Blye Boodskap of Goeie Nuus) was: BEKEER JULLE. Daar staan: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie. Let dus op dat die eerste en belangrikste woord van die Evangelie nie net GLO is nie. Daar is 'n pragtige Engelse koortjie wat lui: "Only believe, only believe, all things are possible, only believe". Dit is baie misleidend! Vir baie jare is mense geleer hulle moet net GLO en hulle kom nooit by ware BEKERING van sonde nie. Bekering van sonde vorm 'n definitiewe deel van 'n mens se geestelike fondasie, en as dit nie daar is nie, bou jy wankelrig en kom nooit in VOLLE OORWINNING nie!

Dis oor die aspek en grondbeginsel van BEKERING wat ons dan vandag gaan gesels omdat dit 'n baie verwaarloosde saak is en omdat dit sy volle Bybel se implikasies verloor het lei dit tot valse begrippe van sonde en die Heiligheid van God. Kom ek stel dit anders om: As ons 'n wanbegrip het van die Heiligheid van God, sal ons 'n wanbegrip hê oor sonde en dit sal lei tot 'n gebrek aan oortuiging en gevolglik 'n swak begrip van bekering – dis 'n ketting-reaksie: 'n Openbaring van die Heiligheid van God, 'n openbaring van wat sonde is vir 'n Heilige God en 'n oortuiging van sonde wat innige bekering teweeg bring.

Die Eerste boodskap wat Johannes die Doper gepreek het was bekering. Matt 3:1 en 2: "In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judea gespreek en gesê: BEKEER julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom".

Ons sien dus dat Johannes bekering verkondig het en dat Jesus bekering verkondig het. Kom ons lees Mark 6:12 en sien dat die twaalf apostels bekering verkondig het: "En hulle het uitgegaan en gepreek dat die mense hulle moes BEKEER". Laat ons kyk na die vroeë kerk.

Hand 2:37 en 38: "Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen broeders? En Petrus sê vir hulle: BEKEER julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang". Petrus het nie gesê: "GLO net." Bekeer julle, was die eerste vereiste. Ons kry altyd daardie volgorde: eers bekering, dan geloof: Let op **Heb. 6:1 en 2: "Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die FONDAMENT te lê van (eerstens) die Bekering uit dooie werke**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - BEKERING….)

en van (tweedens) die geloof in God ".

Die BEKERING is dus deel van die fondament – hoe lyk jou geestelike fondament?

Volgens Hand 17:30 het God die tye van onkunde oorgesien, maar nou moet aan alle mense oral verkondig word dat hulle hul moet BEKEER.

Dis die eerste stap in die gelowige se lewe as hierdie struktuur wankelrig is, sal jy nie verdere beproewings en versoekings suksesvol die hoof kan bied nie.

Daar is heelwat wanbegrippe oor bekering waarop ons moet let. Eerstens is bekering nie oortuiging van sonde nie. Ons weet dat om tot bekering te kom 'n mens wel tot 'n sondeoortuiging moet kom. Sonde oortuiging gaan dus bekering vooraf, maar elke persoon wat van sonde oortuig is bekeer hom nie noodwendig nie. 'n Persoon mag oortuig wees van sonde, maar dis nog nie bekering nie!

Sonde, geregtigheid en oordeel.

'n Goeie voorbeeld is die verhaal van Jesus en die vrou wat in egbreuk betrap is. Die Fariseërs het haar na Hom gebring en wou gehad het Jesus moet haar stenig volgens die wet. **Joh. 8:7: "Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste klip op haar gooi ".**

Jesus was die enigste Een wat aan hierdie vereiste voldoen het. **Vers 8 en 9: "En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe. En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hulle gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe, en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het."**

Hier was dus 'n hele klomp mense wat tot sondeoortuiging gekom het, maar ons lees nie dat hulle tot bekering gekom het nie.

Die tweede wanbegrip is dat wêreldse hartseer nie bekering is nie. Kom ons gaan weer na die Bybel. Paulus skryf aan die kerk in Korinthe i.v.m. besoedeling van die vlees. **Kor. 7:8 tot 11: "Want, al het ek julle ook deur die brief bedroef gemaak, is ek nie jammer nie, al was ek ook jammer. Want ek sien dat daardie brief, al was dit vir 'n kort tydjie, julle bedroef gemaak het. Nou is ek bly, nie omdat julle bedroef was nie, maar omdat julle bedroef was tot bekering".** Daar is dit, wêreldse hartseer. Dis bloot spyt omdat jy betrap is!

Daar is vandag baie mense in gevangenisse wat baie jammer is en spyt het, maar nie oor hulle misdade nie! Nee, hulle is jammer dat hulle betrap was!

Daarom moet ons waak oor hierdie sake, want daar kan baie misleiding ontstaan.

Is 'n persoon waarlik jammer oor sy sonde en misdade, kom hy tot waaragtige bekering, of is hy net jammer vir homself oor die gevolge wat sy sonde op sy eie lewe sal hê?

Goddelike hartseer bewerk BEKERING TOT REDDING. Wêreldse hartseer is bloot om jammer te wees dat jy uitgevang is, maar nie hartseer te wees oor die onreg wat jy gepleeg het nie.

Die derde wanbegrip is dat bekering hervorming is. Hervorming is bloot om 'n nuwe blaadjie om te slaan – ons doen dit dikwels aan die begin van 'n nuwe jaar. Bekering beteken nie 'n nuwe bladsy nie, maar 'n nuwe boek!

Dikwels is so 'n nuwe blaadjie omslaan net om selfgeregtig te word om sodoende die stem van die Gees te versmoor. Lees wat sê God van ons selfgeregtigheid: **Jes. 64:6: "Ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind ".**

Die vierde wanbegrip oor bekering is dat dit is om godsdienstig te wees. Duisende mense is baie godsdienstig: hulle gaan gereeld kerk toe, bid aan die tafel, hou huisgodsdiens – dis goed en mooi, maar dis bloot GODSDIENS as dit nie voortspruit uit 'n ware BEKERING NIE! So was die Fariseërs in Jesus se dae, maar hulle was huigelaars en ver van bekering! Hulle was so godsdienstig dat hulle Jesus gekruisig het. Lees gerus Matt 3:7 tot 12 hieroor.

WAAK DAAROM dat jy nie godsdienstig is en nog nooit by BEKERING uitgekom het nie!

Die vyfde wanbegrip is dat bekering verstandelike geloof is. **Jak 2:19: "Jy glo dat God een is. Jy doen goed; die duiwels glo**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - BEKERIMG…)

dit ook, en hulle sidder ".

As jy met jou verstand glo is jy eintlik maar op gelyke voet met die duiwel!

Duisende, miljoene mense glo in God – en baie van hulle is heidene. Die knoop lê egter by die persoon van die Here Jesus Christus en die Heilige Gees. Jy sien, die woord GODSDIENS sê dat dit 'n diens aan God is en daar is min mense wat nie in God glo nie, en dit sluit valse godsdienste ook in. Maar Jesus se eie woorde was: "Glo in God, GLO OOK IN MY".

Want jy sien baie heidene glo ook dat Jesus as 'n mens gelewe het, Hy het bestaan, dis 'n historiese feit. Maar dis verstandelike geloof. Dis nie ware vertroue en geloof dat Jesus Christus die Seun van God is, vir ons sondes gesterwe het en opgestaan het uit die dode nie. Dis met die hart wat ons moet glo (ons glo met ons hart tot geregtigheid – Rom. 10:10.

Verstandelike geloof is bloot die saamstem met sekere feite – dis 'n DOOIE geloof.

Jak 2:20: "Maar wil jy weet, O nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?" Jy kan glo, sonder dat daar enige verandering in jou lewe plaasvind.

Matt. 3:7: "Maar toe hy (Johannes) baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is?" Vers 8: "DRA DAN VRUGTE WAT BY DIE BEKERING PAS".

Luister nou mooi: daar is twee dele verbonde aan BEKERING.

1: Die wortel. 2. Die vrugte.

Johannes praat van vrugte van bekering, maar laat ons eers vasstel wat die wortel is.

Die letterlike betekenis van die woord bekering is om 'n verandering van gedagtes of 'n verandering van hart en gesindheid te ondergaan. En dit veral ten opsigte van sonde en jou verhouding met God – jy moet heeltemal omdraai, jou rigting verander na die teenoorgestelde rigting. 'n Onbekeerde persoon het sy rug na God (al glo hy in God!) en kyk na sonde. Kom ons kyk na 'n paar Skrifte wat die wortel van bekering omskryf.

Kol. 1:21: "Ook julle wat voeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen ". Ons gedagtes is die groot slagveld, en dis daar waar die Satan sy bose pyle inskiet, want ons gedagtes is maar die voorgangers van ons dade. Dis dan ook oor ons gedagtes wat die Heilige Gees wil beheer kry en verandering bring, want dan sal ons hele lewe onder Sy beheer kom. Ons sê maklik: "Ek het my eie gedagtes oor 'n saak .." God wil hê ons moet Sy gedagtes oor ons sake hê.

Die natuurlike mens se gedagtes is in rebellie teen God – hy wil die begeertes van die vlees en sy eie gedagtes volbring. Dis die wortel van die saak.

Rom. 8:5 tot 7: "Want wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is, want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie."

"Niemand gaan vir my sê wat om te doen nie. Ek het my eie verstand en luister nie na Bybelse praatjies nie …" Wat so 'n persoon eintlik sê is: "Ek het nie God se raad nodig nie. Ek is in rebellie teen God." Ons ken daardie woorde en gesindhede in ons eie en andere se lewens. Maar kan jy sien dat dit is waar die kern probleem was, van Adam af en vandag nog is: opstandigheid teen God: Die wortel van BEKERING is dus 'n VERANDERING VAN GEDAGTES EN GESINDHEID OM IN ONDERWERPING TOT GOD TE KOM. Dis nie godsdienstig word, of 'n nuwe blaadjie omslaan, of hartseer wees oor ons betrap is in ons sonde nie – dis NIE WAT BEKERING IS NIE! Die Heilige Gees is betrokke in die stryd om ons sinne, ons gedagtes, om daarin bekering te bring, en ommeswaai van rebellie na 'n gesindheid van ek-gee-oor, Here. Die Gees kom om ons van sone te oortuig en van geregtigheid en oordeel. En hierdie gesindheid van BEKERING, wegdraai van sonde, moet elke oomblik gehandhaaf word.

Jy kan nie sê: "Ek het 10 jaar gelede tot bekering gekom en nou kan ek doen wat ek wil," nie. Jy klim op met die leer na volmaaktheid in Jesus (Heb. 6) en as jy die onderste sportjie mettertyd uitskop en so stadigaan die ander, gaan jou leer in mekaar

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolf vanaf Bl. 3 - BEKERING)

tuimel – ons moet die fondasie handhaaf en daagliks elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus (2 Kor. 10:5). Bekering teweeggebring deur die Heilige Gees, is 'n veranderde gemoed, 'n keer na God. Geen mens kan dit in homself vermag nie, maar waaragtige bekering word veroorsaak deur die Oortuiging van die Heilige Gees en God skenk bekering en berou. En by bekering is die gedagtes, die emosies en die wil betrokke. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die verlore seun wat sy vader se huis verlaat het en tussen die varke beland het. Sy emosies was betrokke toe hy so honger was en die varke se kos moes eet. Maar dit was nie genoeg nie: hy moes eers sy ellendige toestand besef en 'n verandering van gedagtes ondervind. Toe kon hy besef dat hy kan opstaan, omdraai en teruggaan na sy vader. Sy wil het in aksie gekom en hy het daad by die gedagtes gevoeg en na sy vader gegaan.

DIE VRUGTE WAT BY DIE BEKERING PAS

Hand. 26:20: "Maar ek het eers aan die mense in Damaskus en in Jerusalem en in die hele land van Judea en aan die heidene verkondig dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God bekeer deur werke te doen wat by die bekering pas ".

Onthou jy Johannes het gepraat van die vrugte van die bekering? Nou praat Paulus van die werke van die bekering. Dis maar dieselfde ding. Die vrugte is net die uiterlike teken van die innerlike wortel van lewe (in die geval van bekering, die verandering van sinne, gesindheid en hart!) Werke is die uiterlike aksies en bewyse van die lewe binnekant. As 'n persoon dus sê: "Ek het tot bekering gekom" en voortgaan om in sonde en ongeregtigheid te lewe, het HULLE SEKERKLIK NIE tot bekering gekom nie. As hulle sê: "Ek het van gedagtes verander en gaan nou die Here dien" moet daar vrugte van hierdie verandering wees, anders vertel hulle 'n leuen en het daar nooit 'n verandering plaasgevind nie!

Die volgende vrugte sal baie opmerklik wees: Goddelike berou (hartseer) oor sonde. Belydenis van sonde. As ons, ons sondes bely ….. (1 Joh. 1:9). Lees maar daardie hele hoofstuk – dis 'n openbaring!

Ophou om te sondig. **Spreuke 28:13: ….. maar hy wat sy oortredinge bely en LAAT STAAN, sal barmhartigheid vind.** Ons moet bely en laat staan.

Sonde haat en bestry. Ten slotte wys ek graag daarop dat sonde, berou en belydenis sluit restitusie in – dit beteken om te herstel, reg te stel. Soek die persone op wat jy in jou sonde benadeel het en vra om vergifnis en stel sodoende verhoudinge reg. As jy voel jy skiet nog te kort aan een van die voorafgemelde vrugte van die bekering, VRA JOU VADER daarvoor – Hy het jou lief en wil vir jou net die beste gee! ●

HEALING IS FOR ALL

Unbelief is most probably the major religious attitude that hinders people from receiving their healing. Then there are those who receive their healing, but lose soon after for the same reason. Let us have a look at the ministry of Jesus.

In Mark 6 we read that Jesus visited His home town and in verse 5 & 6 we read that **He could not do any miracles there, except lay His hands on a few sick people and heal them, and He was amazed at their lack of faith.**

People were not healed because of their unbelief and we must take careful note of this because just as unbelief hindered them from receiving their healing then, it can also stand in the way of our healing today as Jesus is the same yesterday, today and forever,(Heb 13:8) and He desires to heal you. Unbelief withholds the miracle working power of God….. unbelief hinders God's power.

We see what took place when Jesus appeared in the synagogue in His hometown, Nazareth. The Bible tells us that the book of the prophet Isaiah, was handed to Jesus and He began to read: **The Spirit of the Lord is upon me because He has anointed me to preach good news to the poor. He has sent me to proclaim freedom for the prisoners and recover of sight for the blind, to relieve the oppressed, to proclaim the year of the Lord's favour. Luke 4:18 & 19.** If Jesus had stopped there and said nothing further, He might still have remained friends with the Nazarenes. However He did not keep quiet and said to them in verse 21: **Today this scripture is fulfilled in your ears.**

The Jews of Nazareth were very religious people just like many people of today, but to be filled with the Spirit of God

(Continued from page 4 - Healing is for All)
(i.e. to be spiritual), you must be in line with God's Word. Over the centuries religious people have remained the same. They do not mind speaking about the mighty working power of God of yester year, or of what God is going to do in the future, but Never speak to them about present day miracles!

Jesus brought the good news to those in the synagogue: The prophecy spoken by Isaiah many years ago came to pass on that day because Someone who was anointed to preach the good news and to heal the sick was present in their midst! However, the people of Nazareth thought that it was bad news because it did not line up with their traditions!

Even today we find some religious people who are ever so touchy when one preaches something other than what their "man made traditions" have taught them, even when you are preaching the pure Word of God!

Jesus offended every religious person He came across, because He did not preach in line with their traditions. Jesus told the people that **they nullify the Word of God because of their traditions! (Matt. 15:6)** It seemed that everything that Jesus did in Nazareth so that the people could be set free, went against the traditions of the people. They complained that He either healed people on the wrong day of the week or He did not do it in the correct manner – everything went against their religious tradition and for that, the people wanted to kill Him because He had offended them. The people cried out and enquired: Who is this Jesus? Isn't He the son of Joseph?

Beloved, men of God throughout the world are doing precisely what Jesus did during His ministry here on earth because this is the way whereby the power of God is effective. The power of God operates today in the same manner as it did in the time of Jesus.

Just as the Spirit of God was upon Jesus then, today the Spirit is upon ordinary people who follow Jesus with their whole heart. Jesus did not go around telling the people that He was the Messiah or that He was the Son of God. Jesus simply said: The Spirit of God is upon Me and has anointed Me ….

Those who accepted that Jesus was anointed of God to heal the sick, received healing. However those who did not receive Jesus and who did not believe that He was an instrument in the hands of God, did not receive anything!

It was God the Father who healed and delivered people through Jesus who was filled with the Holy Spirit, and in Nazareth the people rejected Jesus. In doing so, they were also rejecting the works of God the Father. It was not the Will of God that withheld their healing, but their unwillingness to believe and receive God's anointed whom He had sent.

Jesus said in **Math. 10:10: He who receives you, receives Me, and he who receives Me, receives the one who sent Me.** Therefore, if you receive the anointed of God, then you receive Jesus. We have just read it in the scriptures. Jesus said in **John 14:12: I tell you the truth, anyone who has faith in me will do what I have been doing. He will do even greater things than these!**

When the people received Jesus then they received the Father in Him. In Nazareth they did not, instead they asked: Who does He think He is? Jesus was the one who was anointed of God to heal, deliver and set free and then this authority was given to His disciples ,which includes US, TODAY.

Jesus also said in **Luke 10:16: He who listens to you listens to Me, he who rejects you, rejects Me, but he who rejects Me rejects Him who sent Me.** Therefore, you should never go to a church meeting with a critical or judgmental heart because if you do, you will be hindering the power of God in your life and you will not receive from Him. Test the spirits by all means, because we are admonished to do so.

I have in the past had critical and judgmental people at my meetings.

Understand this: GOD HAS NEVER CHANGED! Just as in the time of Jesus God could not release His miracle working power because of unbelief and criticism, that still applies today! When the people rejected Jesus whom God sent, they rejected God. Today, when people reject the anointing of God, they do the same. You and I know that man alone can do nothing without Jesus who is the vine, we are the branches, but the Holy Spirit flows through the branches to perform His works . The Bible tells us to desire the best gifts, these are the gifts of the Holy Spirirt we read of in 1Cor.12. Healing is one of them. Respect the anointing of God in the person and give God all the glory for all the wonders performed under the persons ministry. We thank the Lord every day for His faithfulness in giving healing to so many who come

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Healing is for All)
to Him in prayer.

The theologians in Jesus' time did not believe, and we read in **John 10:37 & 38: Do not believe Me unless I do what My Father does. But if I do it, even though you do not believe Me, believe the miracles, that you may learn and understand that the Father is in Me, and I in the Father.**

It is so important that we know the Word of God. God has a plan of action and if we do not study the Bible, how will we know what God's plan of action is! Unfortunately, many churches over the years have taught us only half the truth and as a result we have missed out on God's best for us in our lives. There is still however time to experience God's best for us as the return of our Lord Jesus approaches, bringing an increase in the miracle wonders of God. Miracles do not take place where the Word of God is compromised, disguised or watered down. Miracles are performed where men and women of God confidently proclaim the Word of God declaring and acting upon what the Holy Spirit tells them.

John 14:15: If you love Me, keep My commandments, John 14:4: Whoever has My commands and obeys them, he is the one who loves Me, I will love him and reveal Myself to him. John 15:10: If you obey My commands, you will remain in My love, just as I have obeyed the commands of My Father. John 15:14: You are My friends if you do what I command.

Now we know that Jesus says: If you love me, you will keep My commands.

The question arises in one's heart: To the disciples and the body of Christ, the commands of God were very clear we are to go out and spread the Gospel and heal the sick.(Mark 16) How is it then that some churches only preach half a gospel, Salvation of the soul, and reject the other part, healing. Jesus said to preach and heal the sick.

Some say that it was only for Bible days, but Jesus said: **If you love Me, keep My commandments.** Not only certain ones but ALL OF THEM!

Jesus also explained to the disciples that they must not waste time with people who do not want to listen, because the harvest is great but the labourers are few.

Math. 10:14: Says: If anyone will not welcome you or listen to your words, shake the dust off your feet when you leave that house or town. (Compare with Acts 13:4) The "dust" is impatience and frustration, and if we walk around with these in our heart we will not be worth anything to the kingdom of God. God commands us to forgive, otherwise He cannot forgive us. If we hold onto unforgiveness then God cannot work through us.

Luke 6:17-19 tells us: Jesus went down with them and stood on a level place. A large crowd of His disciples were there and a great number of people from all over Judea, from Jerusalem and from the sea coast of Tyre and Sidon, who had come to hear Him and to be healed of their diseases. Those troubled by evil spirits were cured, and the people all tried to touch Him because power was coming from Him and HEALING THEM ALL.

People had come with expectations in their hearts – to be healed of their disease. They did not come to judge or to criticize, and because of this Jesus was able to heal them all.

Healing is for everybody and this INCLUDES YOU! As an afterthought, but a very important one, which concerns you as a Child of God, because it is a matter which is between God and you.

Jesus Christ's great command was to preach the gospel, the good news to all nations. However, the gospel that is preached from so many pulpits is that God puts sicknesses and disease upon you – This is not good news, this is BAD NEWS! The person who preaches this is contradicting what Jesus commanded us to preach.

Any part of the Body of Christ that rejects Divine healing, or says that God places sickness on people, preaches a doctrine which does not line up with the Bible.

John 15:6-11: If anyone does not remain in Me, he is like a branch that is thrown away and withers. Such branches are picked up, thrown into the fire and burned. If you remain in Me and My words remain in you, ask whatever you wish and it will be given to you. This is to My Father's glory that you bear much fruit, showing yourself to be My disciples.

As the Father has loved Me, so have I loved you. Now remain in My love. If you obey My commands you will remain in My love, just as I have obeyed My Father's commands and remain in His love. I have told you this that My joy may be in you and that your joy may be complete. •



UIT ONS KANTOOR

Geliefde in die Here Jesus,

Ons wil ieder en elk van julle bedank wat boodskappe van medelyde gestuur het met die heengaan van ons geliefde Dr. James. Jul bemoediging het ons geweldig versterk, en ons waardeer jul gebede en goedheid gedurende hierdie tyd.

Ons jubel in die feit dat hy rustig sonder enige siekte, by sy huis met sy familie na sy gegaan het, en is nou by sy Hemelse Vader en so baie wat voor hom gegaan het en weet dat ons hom nie terug kan wens nie, alhoewel ons hom so baie mis. Pastoor David het 'n hartroerende boodskap by die graf gebring saam met Dr. James se naby familie. Ons seun Jake en ons ses kleinseuns was draers. Terwyl pastoor gepraat het, het 'n swerm duiwe oor die oop graf gevlieg, simbolies van die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Ons was almal in trane.

'n Gedenkdiens is by die Stanger Christen Sentrum gehou op Sondag die 27ste Desember om sy lewe te vier en sy wonderlike nalatingskap.

Julle was so spesiaal in sy lewe, en so noodsaaklik vir die bediening en vir dit wil ons 'n baie groot dankie sê!! Ons weet dat dit sy begeerte is dat ons moet aanhou om die Woord te versprei en vir die siekes en behoeftiges te bid. Jesus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid!!

Ons sien uit na die spoedige koms van ons Here Jesus Christus om Sy bruid te kom haal en dat ons almal weereens saam sal wees!! Wat 'n opwindende dag sal dit nie wees nie!!

Weereens dankie vir wat elkeen van julle vir ons beteken het, en wees verseker van ons gebede en ons liefde, altyd.

Num. 6:24-26: Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Mag die Here julle ryklik seën

Baie liefdegroete

Meg en die Gebedspan

Spesiale Woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kostbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is:

stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is:

www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons God van wonderwerke.....Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Baie dankie vir u briewe en u gebed. U boekies en maandbriewe word gereeld opgeraap deur die jaardes hier. Ek stuur vir u ‘n foto van Liaan. U het al baie vir hom gebid. ‘n Paar maande gelede was dit die mangel operasie, ‘n risiko as gevolg van ‘n swak hartjie. Die hartjie is nou volkome genees. Prys die Here. My beste wense vir almlal daar. Mag julle ryklik geseën word. Liefdegroete

Bettie van Staden, Ansfrere

Goeie middag aan almal by die sentrum.

Ek groet u in die wonderlike Naam van ons Messiah,Yashua. Ek het verlede week geskakel en met Pastoor Dawid Gericke gepraat en versoek dat daar gebid moet word vir ek en my man se finansiele krisis asook demoniese aanvalle snags. Ek wil net getuig dat die aanvalle opgehou het. Drie dae nadat Dawid vir ons gebid het was ons finansiele krisis ook opgelos. God is Groot, Halleluja!!!

Mag almal van u by die sentrum ryklik geseen word.

Liefde groete

Mariaan Claassen

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

VERHEF LOFSANGE TOT DIE HERE

Ef. 5:17: Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.

God wil hê dat ons as wyse mans en vrouens moet wandel en nie soos dwase nie(Ef. 5:15). Wel, Hy sal nie vir ons sê om in wysheid te wandel, sonder om ons te wys hoe om dit te doen nie. Dit is waarom Sy Woord aangaan om te sê: "Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is ".

Dus, wat is die wil van God? Die volgende twee verse sê vir ons hoe om dit te identifiseer: "Moenie dronk word van wyn nie — daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul. Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here (Ef.5:18 – 19).

Soos jy jouself toelaat om met die Gees gevul te word deur lofliedere tot die Here te sing of te spreek (God weet sommige van ons kan nie sing nie!), psalms, gesange en geestelike liedere, en melodie in jou hart tot die Here maak, belowe God dat jy sal weet wat Sy wil vir jou in die situasie is. Jy sal dan die wysheid hê om met wysheid te besluit wat om volgende te doen.

Ek het uitgevind dat dit waar is in my eie lewe. Wanneer ek ‘n moeilike situasie in die gesig staar en hoe meer ek daaroor dink, hoe verwarder raak ek. Dit wil voorkom dat hoe meer ek my bes probeer om ‘n goeie oplossing te vind, hoe verder ontwyk die antwoord my. Wanneer ek egter van my probleem wegdraai en na God draai, deur in die Gees te sing en Hom te prys, kry ek ‘n duideliker perspektief van die probleem wanneer ek later daarna terug kom. Ek ondervind ook ‘n innerlike ingewing om sekere besluite te neem, wat aan die einde uitdraai as beter as enigiets waarmee ek op my eie kon opkom.

Dus my vriend, hef lofprysings liedere op aan die Here, maak nie saak of die tye goed of sleg is nie. Want wanneer jy jou mond met lofprysinge aan God vul, sal Hy jou lei en rig in al die aangeleenthede in jou lewe. Selfs wanneer jy met ‘n probleem sit, sal Hy jou die weg wys om te gaan of ‘n weg vir jou daaruit maak.

In beide gevalle sal jy die wysheid en hulp kry wat jy nodig het! ●